KOERSVAS

Jaargang 12 Uitgawe 232
15 November 2024

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel: Ons en Hulle**
**Berigte: Beplanning 2025**
**Hofsaak: Regsrekening**
**I Hofsaak: Inligting**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

### Ons en Hulle

Van jongs af is ons vertroud met die konsep van ''ons en hulle'. Die binnekring en die buitestanders. Somtyds selfs die teenstanders. Die verhoudings en situasies verander. Sommige van die ons-hulle permutasies verander op grond van tyd, plek of verbintenis. Daar is ons-hulle permutasies wat verander omdat iets binne onsself verander het. Sommige verhoudings verander nooit nie, maar geen 'ons-hulle' is van verandering gevrywaar nie..

Die eerste 'ons' waarmee ons te doen kry is ons gesin. Pa, Ma en sibbe. Dan is die grootouers, neefs, niggies en ander familie die 'hulle'. Soos ons horisonne verbreed word die familie in sekere situasies deel van die 'ons' en is vreemdelinge die 'hulle'.

By die skool is daar verskillende ons-hulle verhoudings; klasmaats teenoor ander grade, seuns teenoor dogters, die Impalas teen die Koedoes by huissport, kinders teen personeel, ons skool teen die ander skole op die sportveld en in kulturele omgewing. Hierdie ons-hulle kan soms erg kompeterend wees.

Steeds verander ons horisonne en steeds verander die ons-hulle ervaring. Die 'hulle' van die ander laerskool word menigmaal deel van die nuwe 'ons' in die hoërskool. Ons raak betrokke by komplekse verhoudings waar dieselfde persoon deel van 'ons' kan wees in een konteks, en 'n 'hulle' wees in 'n ander konteks. Ons is in dieselfde graad en klas, beste vriende, maar nie in dieselfde kerk nie.

Dit is met ander woorde meer as net die geografiese of sosiale konteks wat die ons-hulle bepaal. Diep oortuigings, geloof en lewensbeskouings dryf ons na sekere mense en groepe, en dryf 'n wig in tussen die groepe. Hierdie wig kan erken en eerbiedig word, sonder dat dit die ons-hulle forseer in alle kontekste. Christene en ongelowiges kan saam rugby speel in 'n respekvolle ruimte.

Die 'ons-hulle' kan ontaard in 'n teenstander- en selfs vyand skeiding. Verhoudings kan so intens negatief wees, of so versuur dat mense sal strewe daarna om enige 'hulle' te vernietig. Dit is waar van selfs die grondslag verhoudings. Man en vrou, ouers en kinders, gesinslede kan almal van 'n geliefde 'n 'hulle' maak, of self word.

Daar is soveel redes en motiverings wat aangebied kan word. Wat-ook-al die oorsprong van die nuwe 'ons-hulle' breuk, dit maak seer en kan lewens vernietig. Dit is op grond van liefde, 'n gedeelde verlede, 'n gedeelde toekoms, verskeie faktore saam, dat die skeur seer maak en vernietigend is. Die oorsprong van die

breuk kan waar wees of gegrond wees op wan-persepsies of verkeerde gevoelens. Dit kan begin met 'n enkel daad van verraad, 'n wanindruk of verkeerde afleiding. Probleem is net; hoe dieper en sterker die 'ons' band was, hoe dieper die skeur en hoe moeiliker om daardie nuwe 'hulle' weer deel van die 'ons' te maak.

Binne die konteks van geloof is die verhouding tussen die 'ons' en die 'hulle' baie kompleks. Die grootste skeiding is nie tussen geloof en ongeloof nie, nog minder tussen Christene en Moslems of Hindus. Die 'ons' is alle Christene, die hulle is alle ander gelowe en ongelowiges. Johannes 14:6 maak die Christen-'ons' baie duidelik - Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie". Die 'ek glo' van die Apostolicum en die 'ons glo' van die Niceense belydenis maak aanspraak op 'n waarheid en eksklusiwiteit wat geen kompromie duld nie.

Dit beteken nie dat dit vir 'ons' onmoontlik is om saam met 'hulle' te lewe en te werk nie. Die deur na hierdie eksklusiewe 'ons' is smal en die pad nou. Tog is niemand daarvan uitgesluit nie, die sending opdrag maak dit ons roeping en taak om almal uit te nooi om deel van hierdie 'ons' te word.

Een van die groot struikelblokke binne die 'ons' van almal wat sê dat Jesus die Here is, het te make met die bestaan van Ortodokse (Russies en Grieks) kerke, Roomse kerk, Charismate, Reformatoriese kerke. Binne die Reformatoriese stroom - onder andere - is daar ook kleiner "ons-hulle' verdelings. Stoepsitters (Nederduitsch Hervormdes), Doppers (Gereformeerdes) en Gatjieponners (Nederduits Gereformeerdes) is almal dialekties in die 'ons-hulle' spanning vasgevang. Ons eie geliefde GHG moes die 'ons' afsonder om die Evangelie suiwer te hou. Hoe nou gemaak?

Die ideaal is dat almal binne die Christelike 'ons' dieselfde bely, al verskil ons oor die manier waarop ons dit doen. Die Ortodokse kerk en die Reformatoriese kerk is naby aan mekaar in terme van die lees en interpretasie van die Bybel. Die twee verskil hemelsbreed van mekaar in die dat die Ortodokse kerk sterk klem lê op liturgie. Maak dit die verhouding een van 'ons-hulle'? Allermins nie! Die sentrale teologiese kern is dieselfde. Dit is in Christus 'n 'Ons-ons' verhouding. Wanneer een groep egter die gesonde leer agterlaat, flikker die gevaarligte. Sodra verskille en eie trots die retoriek oor die ander groep kontamineer, word dit 'n ongesonde situasie. Sodanige 'ons-hulle' verhouding kan verword van teenstanders/anders-wees na vyandigheid.

Die GHG bly oortuig die Evangelie is op die spel. <u>Vandaar die Staat van Belydenis uitgeroep teen die **NHKA se AKV**</u> - as 'n wekroep. Die meeste lidmate glo soos ons en saam met ons. Tog word ons as die vyand uitgemaak en word ons oproep tot besinning en gesprek aan lidmate opgedis as skeurmakery en verkettering. Hierdie 'ons-ons' het beweeg na "ons-hulle' en meer nog; dit het skynbaar van 'anders wees' beweeg na vyandigheid wat mik op vernietiging.

Kersfees is om die draai. Jesus se koms roep mense tot vrede. Kom ons werk daaraan om litigasie te beëindig en gesprek te voer. Kom ons werk daaraan om die 'ons-hulle' vyandigheid te verwyder en dalk selfs te kan praat van 'ons-ons'. Maar net as die volle Evangelie seëvier. Hy maak "ONS".

Dr. J Otto

# BERIGTE

## BEPLANNING 2025

Die bestuur het die voorgestelde Kalender vir 2025 gefinaliseer. Die datums is beskikbaar gestel vir alle gemeentes. Neem kennis dat die **Predikante beraad** deur alle predikante bygewoon word. Die tema vir 2025 is die deurwerk van die Kerkorde soos in 2013 as werkdokument aanvaar

## HOFSAAK: REGSREKENING

Gemeentes moet bewus wees dat elke gemeente se regsrekening versend is. U word versoek om die rekening so gou doenlik te betaal.

## HOFSAAK: INLIGTING

Op 26 Oktober 2024 het Gemeentes van die GHG en ander belangstellendes tydens ‘n Inligtingsessie rakende die huidige stand van sake wat betref die regsgeding met die NHKA, by Gemeente Meyerspark vergader.

Die volgende inligting is nie ‘n volledige weergawe van alle sake wat bespreek is nie, maar wel ‘n samevatting van die belangrikste sake waaroor die teenwoordige lede konsensus bereik het.

Eerstens ons opregte dank aan Adv. R du Plessis, wat die geleentheid sonder vergoeding bygewoon het om die vergadering in te lig en die vrae van lede te beantwoord. Die GHG is bewus van die onbaatsugtige werk wat reeds vir jare lank deur adv. du Plessis en sy span gedoen word, asook die finansiële bydrae wat hy tot ons saak maak deur verminderde tariewe en soms geen vergoeding te vra nie. ‘n Mosie van vertroue in adv. du Plessis word met konsensus deur die vergadering aanvaar.

Die volgende sake is tydens die inligting- en vrae sessie bespreek:

Die implikasies van die Appèlhof se beslissing:

- Die saak word terug verwys na die Gauteng hooggeregshof.
- Die sogenaamde klein gemeentes moet ook gehoor word.
- Die geskeide geskilpunt soos geformuleer in 2016 moet weer bereg word.
- Die GHG gaan aanvanklik niks doen nie, die NHKA moet eers die geleentheid gebruik om die sogenaamde klein gemeentes by die saak te voeg.
- Die verenigings moet die koste van die saak betaal.

Wat betref die koste-bevel aspek:

- Die reg werk nou maar so dat die verloorder die koste dra, selfs in die geval waar die regter fouteer het.
- Die koste rekening moet eers takseer word alvorens dit betaalbaar sal wees; verenigings en gemeentes het tyd om hierdie fondse in te samel.

Na die afhandeling van hierdie bespreking het die vergadering onder voorsitterskap van dr. Johan Otto die volgende sake rakende die pad vorentoe met konsensus aanvaar:

- Die vergadering bevestig dat die pad wat die GHG in gehoorsaamheid aan God reeds jare tevore begin stap het, ‘n geloofspad is. Aangesien die pad in geloof begin is, sal ons in geloof op die pad volhard.
- Dit is met hierdie oortuiging dat ons bereid is om ook te volhard wat betref die regsaspekte van hierdie geloofspad.

• Die vergadering besef dat hierdie pad verskeie finansiële implikasies inhou vir gemeentes en gemeentelede. Tog verbind die teenwoordige lede hulle daartoe om ook hierdie opofferings te maak.

• Die teenwoordige lede is bewus van die regsrekeninge wat betaalbaar is en die toekomstige rekeninge waarvoor voorsiening gemaak moet word. Die vergadering verbind hom daartoe om te doen wat nodig is om die saak af te handel. Gemeentes word versoek om R50 000 elk in te samel voor November 2025. Die geld kan in die regsfonds inbetaal word, of plaaslik gespaar word. (In laaste geval moet bewyse aan die GHG Finkom kommunikeer word)

• Die vergadering besef dat ons as geloofsgenote na mekaar moet omsien en verbind hom daartoe om as gemeentes mekaar te help om die las te dra.

• Hierdie besluite word as gewetensbindend beskou en sal so aan gemeentes gekommunikeer word.

Ons stry saam in volharding vir dit waarvan ons in die geloof oortuig is.

Enige verdere navrae kan gerus aan die regskomitee gerig word.

Lidmate, belanghebbendes en ander gelowiges wat die erns van die saak besef word versoek om spesiale finansiële bydraes te maak tot hierdie stryd.

# KENNISGEWINGS

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

